ECHO OF HIS CALL

EGGO VAN SY ROEP

India's National Spiritual Newspaper

AFRIKAANS ₹ 10/-

Maandeliks uitgegee in ENGELS, TAMIL, MALAYALAM, TELUGU, HINDI, MARATHI, KANNADA, BENGALI, GOEDJARATI, ODIYA, ASSAMEES, PUNJABI, NEPALI, URDU, SINGALEES & AFRIKAANS

Redakteur: **S. SAM SELVA RAJ** | **- In 16 Tale** | ***Mederedakteur:*** **Sr. Marietjie Nelson**

Vol. XIV **Die Jaar van ons Here Jesus Christus, FEBRUARY 2021** **No. 9**

DIE HEILIGE SKRIF

Memoriseer asseblief hierdie gedeelte.

PSALM 37:1-10

1. Moet jou nie ontstel oor skelms en jou kwel oor skurke nie,
2. want soos gras vergaan hulle gou en soos groenigheid verdwyn hulle sommer.
3. Vertrou liewer op die Here en doen wat goed is, woon en werk rustig voort.
4. Vind jou vreugde in die Here, en Hy sal jou gee wat jou hart begeer.
5. Laat jou lewe aan die Here oor en vertrou op Hom; Hy sal sorg.
6. Hy sal jou onskuld laat deurbreek soos die son, jou reg soos die helder lig van die middag.
7. Daarom moet jy in stilte op die Here vertrou en jou nie ontstel oor die voorspoedige lewe van 'n skelm nie.
8. Moenie kwaad word nie, laat staan die woede, moet jou nie ontstel nie: dit bring net ellende.
9. Die skelms sal uitgeroei word, maar dié wat hulle vertroue in die Here stel, sal in besit bly van die land.
10. Nog 'n rukkie en daar sal geen goddelose meer wees nie; 'n mens sal hom soek waar hy was, maar hy sal nie daar wees nie.

DIE ERFENIS VAN GOD SE KINDERS!

(Boodskap gelewer deur Pastoor Sam Selva Raj in die Moederkerk)

Luister, so sê die Here wat jou geskep het, Jakob, wat jou gevorm het, Israel: "Moenie bang wees nie, Ek verlos jou, Ek het jou op jou naam geroep, jy is Myne" (Jesaja 43:1).

Ons sien hier die wonderlike belofte van God. Dis nie vir al die mense van die wêreld nie. Al die beloftes van God wat ons in die Bybel kry, is vir sy kinders. Om meer presies te wees, daardie beloftes is vir hulle wat die Here Jesus aangeneem het as hulle persoonlike Verlosser en wat 'n heilige lewe lei deur sy opdragte uit te voer; hulle wat ondervind dat "God hulle verander deur hulle denke te vernuwe" (Romeine 12:2).

Hierdie seëninge bereik nie noodwendig 'n mens net omdat hy/sy 'n invloedryke persoon in die gemeenskap of 'n politieke leier is nie. Soos ons hierbo gesê het, hierdie seëninge bereik dié mense wat verander word deur die vernuwing van hulle denke. Sulke mense het harte wat vry is van alle kwaadwilligheid en sondige gedagtes en wat helder dink. Ten einde die vernuwing van ons gemoed te ondergaan, is daar geen ander weg as Jesus nie. Die manier waarop Jesus Christus 'n mens verander, is wonderbaarlik. Geen ander wêreldse ding of rykdom, roem of enige ander krag in die wêreld kan hierdie soort verandering in 'n mens teweegbring nie. Glo in Jesus en word verander! Laat die mense wat jou sien, jou vertrou. Laat die mense wat jou sien, lief wees vir jou.

My Pastoor G. Sundaram het eenmaal vertel van 'n insident. Daar was 'n seun in 'n gesin wat wou weggaan van sy ouers af, aangesien hy beïnvloed is deur slegte vriende. Hoewel sy ouers hom aangeraai het om dit nie te doen, het hy nie na hule geluister nie. Sy moeder het so mooi by hom gepleit, maar hy het na haar ook nie geluister nie. Uiteindelik het sy ma vir hom gesê, "Seun, laat ek 'n paar woorde op jou

... verv. op bls. 3

ECHO OF HIS CALL

2019 - GOLDEN JUBILEE YEAR

OUR MISSION POLICY

Wees gerus en gaan nou maar. Die God van Israel sal aan jou gee wat jy van Hom afgesmeek het



"The horse is prepared for the day of battle, but deliverance is of the LORD"

(Proverbs 21:31)

from Editors...

Liewe vriend in Christus,

Ons groet julle in die Naam van ons Here en Verlosser, Jesus Christus!

Hoe gaan dit met jou? Ons is met blydskap vervul as ons dink aan jou en die wonderlike manier waarop God ons verenig het in hemelse liefde. Ja, ons verhouding is nie van die wêreld nie maar van die ewigheid. Jy sal verras wees om te hoor dat ons nooit vergeet om jou en jou gleliefdes te bring voor die troon van genade te bring nie. God sal jou sekerlik seën en beskerm op alle gebiede van jou lewe. Hy sal 'n heining om jou bou en om jou geliefdes en julle besittings. Die Here God sal julle nie vergeet of verlaat nie. Ons Here God Jesus Christus sê: Ek sal my verbond met jou in stand hou, en jy sal besef dat Ek die Here is" (Esegiël 16:62).

Ons het die afgelope tyd uit verskeie wêrelddele nuus ontvang van verliese wat deur mense gely is. Maar die Here God het ons al die tyd veilig gehou ook in hierdie tyd van die pandemie. Ons moet dus dankbaar wees teenoor Hom.

In ons sendingveld is ons baie besig met die versorging van ons kerke en lidmate, **Echo of His Call** se publikasies, St. Paul's Matriculation School, Nehemia Bybelkolleges, BYBELKOR – korrespondensiekursusse, Administrasie, Finansies ensovoorts. Ten spyte van verskillende ongunstige omstandighede waaroor ons nie kan praat nie, kan ons tog getuig van die hand van God wat werksaam is in ons daaglikse aktiwiteite. Ons sien dat die pandemie die ingesteldheid van normale mense van die wêreld aangetas het vanweë vrees en onsekerheid in die lewe. Op finansiële gebied moet ons ook groot moeilikhede die hoof bied. Maar bo dit alles het ons die onwrikbare belofte van ons lewende Verlosser dat "Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is" (Romeine 8:28).

As jy deur een of ander lyding gaan, weet asseblief dat ons Here Jesus Christus by jou is in alle situasies.

Ons kerkaktiwiteite en ander programme verloop goed. Baie dankie vir julle gebede en ondersteuning. Mag God julle seën!

Julle broer en dienaar in Christus Jesus,

S. SAM SELVA RAJ & ALEX SAMSON SAM

CHIEF EDITORS
Pastor S. Sam Selva Raj
Angeline Selvakumari Henry, M.A., M.Ed.

MANAGING EDITOR
Pastor Alex Samson Sam, B.Th.,M.Div.

ADMINISTRATION
Bro. N. Prakasam, M.A., General Manager

EDITORIAL BOARD
Sis. Jesy Veena Sam
Bro. M. Paulraj, M.A., B.Ed.
Sis. Serena Bevin, M.A., M. Phil., B.Ed.

Hd. Qrs. CO-ORDINATORS
Bro. John Rodrigues
Sis. E. Daisy Rani

ADVISORY BOARD
Adv. Jose Abraham
Adv. N. Balaji, B.Com., B.L.
Dr. S. Rabinder Boaz, M.S.
Er. C.G.S. Baburao, B.Tech., M.Tech. (DM)
Aud. K. Puratchivendan, M.Com., B.L

PUBLISHER & PRINTER
Pastor S. SAM SELVA RAJ
Echo of His Call Printers
10, Mohammed Abdullah 2nd Street
Chepauk, Chennai- 600 005, India.

Phone : (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766
Cell : (+91) 98410 71852, 95661 31858
E-mail : sam@echoofhiscall.org
biblecor@yahoo.co.in

Websites :
www.echoofhiscall.org
www.echoofhiscall.com

verv. van bls. 1

hemp uitwerk. Dra asseblief die hemp gedurig in alle omstandighede." Sy het die woorde uitgewerk, "Ek is van koninklike bloed." Hy het die hemp gedra. Net soos ons in die Bybel lees van die verlore seun, het hierdie seun al sy geld uitgegee, en ook sy gesondheid benadeel, en was op die punt om te sterf. Op dié punt het die woorde wat op sy hemp geborduur is, met hom begin praat. Die woorde, "Ek is van koninklike bloed" het sy hart diep geraak. Naderhand het hy tot sy sinne gekom en begin dink waarom hy so 'n aaklige lewe moes ly. Uiteindelik het hy op soek gegaan na sy ouers. Toe hulle hom sien, het sy ouers hom warm omhels en hy het weer by die familie aangesluit.

Toe Esra uit Babilon na Jerusalem gekom het, het hy die toestand vandie Israeliete gesien. Hy het gesien dat die "heilige saad" vermeng geraak het met die mense van daardie lande (Esra 9:2).

Liewe kinders van God, miskien het julle vergeet dat julle kinders is van die hemelse Vader en is julle lewe vuil van sonde. Miskien beoefen julle sekere sondes in die geheim. Hoekom is julle nou in hierdie kerk? God sê, "Ek het jou geken toe jy nog in jou moeder se skoot was en jy moes na hierdie kerk kom".

Ja, geliefdes, selfs voor die grondlegging van die wêreld het ons Here God julle gekies. Moet dus nie jouself onderskat nie. Jy is spesiaal! Soos Dawid kan jy vir God sê, "U is my deel" (Psalm 119:57). So kyk die Here ook na jou en sê, "Jy is Myne". Die wêreld mag jou dalk sleg behandel; dit mag jou skade aandoen. Maar die Here wat jou roep, is getrou. Hy is 'n goeie God en Hy is getrou!

Jy is op jou naam geroep deur die Here God wat hierdie wêreld geskep het. Jou ouers mag miskien vir jou jou naam gegee het. Maar dit is die naam deur die Here God gegee wat jou gekies het toe jy nog in jou moeder se skoot was. Ek het eenkeer vir my ma gevra, "Hoekom het julle my naam gegee 'Sam Selva Raj?' Sy het gesê ek is die gesin se rykdom!

Ja. Samuel was 'n groot profeet. 'Selva Raj' beteken 'die koning van alle rykdom.' Ek was bly dat hulle my so 'n mooi naam gegee het. 'n Bejaarde prediker het gesê, "Ons Here God het elkeen van ons 'n naam gegee toe ons in die moederskoot was." Ek het dus verstaan dat dit my Here God was wat my naam gegee het as 'Sam Selva Raj'. Dit is die Here God wat jou naam ook gegee het.

Die engel van die Here het aan Josef verskyn en gesê, "Sy sal 'n Seun in die wêreld bring, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos" (Matteus 1:21). Die betekenis van die naam 'Jesus' is "Hy sal sy volk van hulle sondes verlos". Ons merk ook op in Lukas 1:13 dat 'n engel aan Sagaria verskyn het en vir hom gesê het hy moet sy seun 'Johannes' noem.

Wanneer hulle as ouers dus julle kinders name gee, moet hulle luister na die Almagtige God en die name gee wat deur die Here voorgesê word. Hy sal tot julle gemoed spreek! Julle kinders se name is opgeskryf in die hemelse boek!

Daar sal 'n dag kom wanneer die Here God elkeen van ons op ons name sal roep. Elkeen se naam is geskryf in God se boek. Jy is spesiaal. Die Here sê vir jou, "As jy deur water moet gaan, is Ek by jou, deur riviere, hulle sal jou nie wegspoel nie; as jy deur vuur moet gaan, sal dit jou nie skroei nie, die vlamme sal jou nie brand nie" (Jesaja 43:2). Ja, die moeilikhede, probleme en hartseer kan jou nooit skaad nie. Miskien dink jy, "Ag, ek leef in moeilike tye en ek ly aan hierdie verskriklike siekte." Maar die Here wat jou geroep het, sê, "As jy deur water moet gaan, sal Ek by jou wees".

Luister, soos enige iemand anders, moet jydalk ook deur waters en riviere gaan. Jy moet dalk deur vuur loop. Maar God sal nie toelaat dat jy daardeur kwaad aangedoen word nie.

Volgende lees ons in Jesaja 43:3, "want Ek is die Here jou God, die Heilige van Israel, jou Redder. Ek gee Egipte as losprys vir jou, Kus en Seba in jou plek". Ons is God se kinders en dus sal ons nooit in armoede leef nie. Ons sal nie versink in skulde nie. Hoekom kom ons na die kerk? Wat is die doel van die gee van gawes aan God, van gebed en vas? Al hierdie dinge sal jou nader aan Christus bring! Alle soorte rykdom kom na hulle wat vir God liefhet. As ons eers die koninkryk van God en sy

Echo of His Call Bedieninge word ondersteun deur die inskrywings van lesers op die **Echo of His Call** tydskrif en vrywillige gawes van ons liewe vriende soos jy. God het 'n blymoedige gewer lief (2 Korintiërs 9:7). Deur alle middele, ten alle koste, op enige manier (1 Korintiërs 9:22) (A.V.)

geregtigheid soek, sal al hierdie dinge vir ons bygevoeg word (Matteus 6:33).

Hoewel ek van 'n nederige oorsprong is, het God my nou so geseën. Hy het ons voorbestem, op ons naam geroep en as ons getrou aan Hom vashou, sal Hy Egipte en Seba in ons plek gee.

Ons het die tragiese einde van baie mense gesien.

Hoewel hulle populêre figure was en ryk mense, het hulle 'n tragiese einde gehad omdat hulle sonder God geleef het. God draai na ons en sê, "Omdat jy vir My kosbaar is, omdat Ek jou hoog ag en jou liefhet, gee Ek mense in jou plek, volke in ruil vir jou lewe" (Jesaja 43:4)."Jy is kosbaar in my oë!"

Liewe Broer en Suster, jy kan enigiemand wees. Die Here wat lewe, sê, "Moet jou nie bekommer oor jou huidige stoestand nie." Jy is dalk in een of ander moeilikheid, of in die skuld, of ly aan 'n siekte of lewe in een of ander pyn, of jy is dalk honger en slapeloos omdat jy dink aan die probleme wat jy die volgende dag moet trotseer. Maar die Here sê, "Aangesien jy kosbaar is in my oë, is jy geëer, en Ek het jou liefgehad. Daarom sal ek mense gee in jou plek en volke in ruil vir jou lewe." Geliefde kind van God, laat die wêreld jou dalk sien as 'n skuldenaar, 'n sieklike persoon, arm of ongeleerd. Maar God sê "Omdat jy kosbaar is in my oë, is jy geëer."

Die buskondukteur sien jou dalk net as 'n gewone passassier! Jou dokter sien jou as 'n pasiënt!! Maar die Here Jesus sê, "Jy is my kosbare seun, my kosbare dogter".

Verbind jouself nou direk aan God. Ons Here God sal jou in pure goud verander. Sommige mense sal hulleself oorgee eers nadat hulle al hulle fisiese krag verloor het. Hulle verloor hulle kosbare jare. As jy gesond en sterk is, soek die koninkryk van God. Die land waarop jy loop sal joune word. Spreuke 28:20 sê, "'n Betroubare man is baie voorspoedig".

Laat ek hiermee afsluit: Ek het my Pastoor Sam Sundaram van Purasawakkam (Tsjennai) na my huis geneem wat 15 km verder weg was. Ek het net 3.20 Roepee by my gehad.(3 roepee en 20 pennies) Toe die taxi by Egmore kom, het die meter 3.20 Roepee gewys. Ons was nog skaars halfpad. Kon ek my geliefde pastoor vra om uit te stap en hom na my huis toe te laat loop? In my hart het ek gehuil en gebid. Die motor het vinnig gery. Maar die wonder is, die meter het ophou werk op 3.20 Roepee. Dit het nog steeds dieselfde bedrag gewys toe ons my huis bereik! Die bestuurder het na die meter gekyk en was verstom! Hy het hom verwonder daaraan dat dit net 3.20 Roepee gewys het, hoewel die motor 'n lang afstand geloop het. Ek het vir die bestuurder gesê, "Die meter het vanself ophou werk toe ons Egmore bereik het. Moet jou nie bekommer nie. Ek sal betaal wat die fooi ook al is. Maar op die oomblik het ek net 3.20 Roepee. Ek het my horlosie afgehaal en dit vir die bestuurder gegee en gesê, "Ek woon net in Tsjennai. Volgende keer as ek jou teëkom, sal ek die balans betaal en my horlosie terugkry." Ek het hom gevra wat die totale fooi sou wees.

Die bestuurder van die taxi wou nie my polshorlosie neem nie. Hy het net vir my gevra, "Is jy 'n Christen?" Hy het net gevra vir 'n glas water, dit gedrink en weggegaan sonder om die 3.20 Roepee te kry. Omdat ek my Here God liefhet, het Hy daardie wonderwerk vir my gedoen. Na enkele jare het die taxibestuurder na my huis toe gekom. Op daardie tydstip het hy 'n pragtige nuwe 'Ambassador' motor voor my huis sien staan. Hy was verbaas en het gevra, "As jy so 'n goeie motor het, hoekom het jy in my taxi gery?" Ek het vir hom gesê, "daardie tyd was ek 'n arm man. Ek het nie meer as 3.20 Roepee by my gehad op daardie tydstip nie. Nou het my God my geseën en verhoog."

"'n Betroubare man is baie voorspoedig". Die Here God het my die eienaar van 'n nuwe motor gemaak toe ek nie kon betaal vir 'n taxi nie. Die Bybel sê, "Daarom sal ek iemand in jou plek gee en mense vir jou lewe." God sê "Omdat jy kosbaar is in my oë, is jy geëer."

God sal baie goeie mense na jou stuur. Jy sal mense kry wat navraag doen na jou gesondheid en geluk. Met die werk van jou hande sal jy baie mense kosgee. Met die woorde van jou mond sal jy baie mense troos. Soos die oë van bediendes in verwagting gerig is op die gesig van hulle werkgewer, sal baie na jou gesig kyk. God sal jou maak soos die hoof en nie soos die voete nie. Hy sal jou nie in die steek laat nie, maar jou verhoog. Daarom sal ek mense in jou plek gee en mense vir jou lewe." Omdat ek myself heilig gehou het toe ek jonk was, het God my nou geseën.

Jy is uitverkies deur God en geroep deur Hom. Hy het 'n teken aan jou gegee om te wys dat jy "van koninklike bloed is".

... verv. op bls. 6

GROOT OPDRAG-VENNOTE

OM TE DEEL (Galasiërs 6:2), **ONDERSTEUN** (Romeine 12:13) & **TE BESPOEDIG** (2 Timoteus 1:6)

GEBEDSPUNTE

Vanaf 19 Februarie 2021 tot 18 Maarts

(Haal asseblief hierdie blad uit, vou dit en hou dit in jou Bybel en bid voortdurend)

GOD IS AAN DIE WERK!

SAKE VIR LOF EN DANK

Februarie 19 : God seën ons Sondagdiens.

Februarie 20 : God seën Moederkerk en wykskerke met gelowiges.

Februarie 21 : God seën ons vrouebediening in ons Moederkerk.

Februarie 22 : Laat ons God loof vir ons ondersteuners vir hulle gebede en ondersteuning.

Februarie 23 : God het ons Evangeliese literatuur in 16 tale geseën wat op ons Drukpers gedruk is en na die sendingvelde gestuur is.

Februarie 24 : God het ons gehelp om 'n **Echo of His Call** te begin in 'nnuwe taal genaamd Manipuri.

Februarie 25 : Laat ons God loof vir ons visie om die **Echo of His Call** na vier ander tale uit te brei.

Februarie 26 : Laat ons God prys vir al die mederedakteurs en hulle gesinne.

Februarie 27 : God het verlede jaar ons in genade gehelp om onbereikte areas binne te gaan met die Evangelie.

Februarie 28 : God seën ons mannebediening in ons Moederkerk.

Maart 01 : God het al die aktiwiteite van ons **Echo of His Call Bedieninge** in die laaste maand geseën.

Maart 02 : Ons ontvang goeie verslae van ons sendingvelde.

Maart 03 : Ons Here beskerm steeds ons Senior **Pastoor S. Sam Selva Raj** en sy gesin teen alle bose magte.

SAKE VIR GEBED

Maart 04 : Bid dat God die nodige fondse sal voorsien vir **Echo of His Call se Bedienings** in hierdie maand.

Maart 05 : Laat ons bid vir die uitroeiingvan corona in alle lande an die wêreld.

Maart 06 : Bid vir die bedroefde families wat hulle geliefdes verloor het vanweë die CORONA-griep.

Maart 07 : Laat ons aanhou bid vir ons Engelse Mederedakteur, Br. M. Paulraj vir volkome genesing.

Maarts 08 : Laat ons bid vir die werkers in ons sendingveld.

Maart 09 : Laat ons bid vir alle geestelike leiers van die wêreld.

Maart 10 : Bid vir 'n einde van alle geweld teen vroue en kinders.

Maart 11 : Laat ons bid vir Ds. Dr. Rishikanta Sorokhaibam, ons Mederedakteur vir die Manipuri taal.

Maart 12 : Bid dat God meer toegewyde werkers na Echo of His Call sal bring.

Maart 13 : Laat ons bid vir ale Christelike Organisasies.

Maart 14 : dat God nuwe krag sal gee aan ons Koördineerders en Pastore.

Maart 15 : Laat ons God prys vir ons Gebedsvennote, subskripsievennote, geloofsgenote lewensvennote, en Groot Opdrag-vennote en hulle gesinslede.

Maart 16 : Bid vir die finansiële behoeftes van ons bedienings.

Maart 17 : God het al die aktiwiteite van ons Echo of His Call Bedieninge gedurende die tyd van COVID-19 geseën.

Maart 18 : dat ons Here steeds ons Senior **Pastoor S. Sam Selva Raj** en sy gesin sal beskerm teen alle bose magte.

verv. van bls. 4

Op 22 Junie 1971 het ek op die sypaadjie gesit in Tsjennai, en ek was honger. Al die winkels was toe en twee polisiemanne wat daar verbygekom het, het gesê, "staan op en kom saam met ons". Hulle het nie geweet dat ek "van koninklike bloed" is nie. Hulle het vir my gevra, "Hoekom sit jy hier om 2 uur in die môre?" Ek het geantwoord, "Ek het niemand hier nie, maar my God het my hierheen gebring".

Een van die polisiemanne het gesê, "Staan op, kom na die polisiestasie toe". Die ander een het gesê, "Wag, as ek na sy gesig kyk, voek ek hy kom uit 'n goeie familie. Hy lyk nie soos 'n dief of 'n dwelmverslaafde nie. Kom ons los hom uit". Hulle is daar weg en het my 'n goeie getuienis gegee.

"Jy is my kosbare seun. Jy is my kosbare dogter," sê die Here. God sal 'n menigte mense aan jou gee. Die mense van die wêreld sal jou in goeie en slegte tye ondersteun. Hulle sal jou groet en prys. Die Woord van God sê, "Moenie bang wees nie, Ek het jou verlos; Ek het jou op jou naam geroep. Jy is Myne". Jy sal nie soos die verlore seun wees nie. Hy het eers baie laat besef wat die woorde 'Ek is van koninklike bloed' beteken. Wees nou op hierdie oomblik sensitief daarvoor. Jy is inderdaad van koninklike bloed. Die Bybel sê, "Julle, daarenteen, is 'n uitverkore volk, 'n koninklike priesterdom, 'n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, die volk wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig" (1 Petrus 2:9). Jy is spesiaal. Die Here sal sy engele opdrag gee oor jou en jou beskerm.

Ons God kyk na jou as die appel van sy oog. Hy sal toesien dat jy nie jou voet teen klippe stamp nie. Hy sal ellke behoefte van jou vervul. As jy vandag vir enigiets bang is, moenie luister na die woorde van mense nie. Die wêreld sal jou bedreig. Luister na wat God sê, "Moenie bang wees nie. Ek het jou verlos; Ek het jou op jou naam geroep. Jy is Myne".

Hou nou jou hand op jou bors en sê, "Ek behoort aan Jesus". Hy sal jou beskerm soos die appel van sy oog. Hy sal jou beskerm waar jy loop. Al die behoeftes van jou lewe sal voorsien word, Hy sal jou baie mense gee."

Toe ons ons bediening in 16 tale gedoen het, het God vir my gesê, "Julle moet ook dienswerk doen onder mense wat 'n ander taal praat." Ek het nie geweet watter taal dit was nie. 'n Pastoor uit Manipur het my genader en gesê, "Ons is gereed om jou tydskrif uit Manipur te publiseer. Gee ons asseblief verlof om dit te doen." So het God op wonderbaarlike wyse ons in staat gestel om die Echo of His Call koerant nou pas in die Manipuri taal te publiseer. God werk dus nou ook op 'n kragtige manier in Manipur.

Dit hoe die Woord van God werk. Dit sal nooit tevergeefs uitgaan nie. Daarom sal ek mense in jou plek gee en volke in ruil vir jou lewe (Jes.43:4) "Ja, my geliefdes! In ruil vir jou verbintenis met die Here sal God vir jou mense gee wat verskillende tale praat, en mense van verskillende kulture. Dit is wat ons Here ons beloof het.

Julle is God se mense. Julle het Hom aangeneem as julle Verlosser. Julle is sy kinders. Julle het sy genade en liefde ondervind. Hy het jou gekies toe jy nog in die skoot van jou moeder was. Hy gaan jou gebruik om een of ander magtige daad te doen. "As jy deur die waters gaan, sal Ek by jou wees, en deur die riviere, sal hulle jou nie oorstroom nie. As jy deur die vuur loop, sal jy nie gebrand word nie, en die vlam sal jou nie skroei nie." Maar die Here Jesus sê, "Jy is my kosbare seun, my kosbare dogter". Die Here is bly om ons dienswerk te

Ons bankbesonderhede in Suid-Afrika

U blymoedige gawes kan gestuur word aan Echo of His Call Ministries vanaf enige plek in Suid-Afrika. Dit kan inbetaal word in ons bankrekeninge soos hier onder verstrek. As u aan ons ook die besonderhede stuur van u debietorder/oorbetalings/oordrag, sal dit moontlik wees om aan u 'n kwitansie uit te reik.

Ons bankbesonderhede:

ABSA BANK : Echo of His Call Missions
BANKKODE: 334515 REKENINGNO: 905 129 1908
TAK: JEFFREYSBAAI KONTAKPERSOON: Mev Elbe Smit
Tel: (042) 296 1337 Sel: 084 813 2554
e-pos: miemie60@telkomsa.net
Address :
SIS. ELBINA SMITH
DR. A. D. KEET STREET, WAVECREST,
JEFFREYS BAY 6330.

Meld asb. u naam en naam van u dorp/stad op die bankdepositostrokie wanneer u donasies deponeer

sien. Maar die Here kyk ook na jou en sê, "Jy is my kosbare seun, my kosbare dogter".

Moet jouself op geen manier onderskat nie. Onthou jy is inderdaad van koninklike bloed. Net soos die verlore seun die betekenis besef het van die woorde "Ek is van koninklike bloed" en teruggekeer het na sy ouers met ware berou, so moet jy ook vandag berou hê. Verstaan asseblief dat dit die bloed van Jesus is wat in ons vloei. Jy het nou binne die vesting van sy bloed gekom. Geen kwaad sal naby jou kom nie. Goeie dinge sal in jou lewe gebeur. Jy sal aan ander uitleen en jy sal nie self leen nie. Dankie, Heilige Vader. Wat God ook al sê, sal gebeur. Onderwerp julle daarom in nederigheid aan die kragtige hand van God, sodat Hy julle kan verhoog op die tyd wat Hy bestem het (1 Petrus 5:6).

OM ALLE GEREGTIGHEID TE VERVUL!

Gedurende die vyftiende jaar van die bewind van Keiser Tiberius, of omtrent 30 n.C. volgens ons huidige datering, het die Woord van God tot Sagaria en Elizabeth gekom (Lukas 3:1-13). Toe hulle seun, groot geword het, het hy begin om berou oor sondes en doop van bekering te verkondig. Sy naam was Johannes. Hy is ook "die Doper" genoem. Baie mense in die streke rondom die Jordaanrivier het gekom, na sy woorde geluister, en berou gekry oor hulle sondes. Berou behels 'n gevoel van spyt oor sondes van die verlede (2 Korintiërs 7:10) en die voorneme om 'n godvresende lewe te lei (Handelinge 3:19; 26:20). Nadat hulle berou gekry het, het hulle hulle sondes bely en Johannes het hulle in die Jordaanrivier gedoop (Matteus 3: 5-6). Die woord "doop" verwys na volledige onderdompeling in water.

In daardie tyd het Jesus van Galilea af na Johannes toe gekom by die Jordaan om deur hom gedoop te word. Maar Johannes het dit probeer verhinder deur te sê: "Ek moet eintlik deur U gedoop word, en U kom na my toe?" Jesus het hom geantwoord: "Nogtans moet jy dit nou doen, want op hierdie manier moet ons aan die wil van God voldoen" Daarna het Johannes ingestem (Matteus 3:13-15).

Johannes se doel was om die weg voor te berei vir die Messias, die wêreld se geestelike Redder (Lukas 7:27 en Maleagi 3:1). Omdat hy die besondere karakter van Jesus besef het, het Johannes gevoel dit sou meer paslik gewees het vir Jesus om hom te doop. Vir Johannes het Jesus se versoek gelyk na die teenoorgestelde van wat moes gebeur. Maar Jesus het God se wil geken. Hy het geweet Hy moet gedoop word aan die begin van sy openbare bediening (Lukas 3:21-23). En Hy het vir Johannes die rede gegee: om alle geregtigheid te vervul. Dus het Johannes vir Jesus in die Jordaan ondergedompel (Markus 1:9-10). Maar wat presies het Jesus met hierdie woorde bedoel? Met sy doop aan die begin van sy openbare bediening het Jesus ten minste twee belangrike dinge bereik in verband met die vervulling van alle geregtigheid.

JESUS CHRISTUS HET GOD GEHOORSAAM

Toe die regte tyd gekom het, het God sy Seun na die wêreld gestuur om nie net die Jode te red wat volgens die wet van Moses geleef het nie, maar ook alle mense (Johannes 3:16; Romeine 4:7; 5:2; Galasiërs 4:4; Hebreërs 2:9-10). Jesus sou God se plan vervul as die sondelose offer om die sonde van die wêreld weg te neem (Matteus 5:17; Johannes 6:38-40; Galasiërs 1:4; 1 Petrus 2:24; 1 Johannes 3:5). Om dit te kon doen, moes hy volmaak wees volgens die wet en volmaak in gehoorsaamheid aan God (Hebreërs 5:8-9; 1 Petrus 1:18-19). Jesus het erken dat dit so was (Johannes 4:34; 14:31; 15:10; Hebreërs 10:9). Hy het die werke van God gedoen (Johannes 9:4), en Hy het die woorde gespreek wat die Vader wou hê dat Hy moes sê (Johannes12:48-50). Hy was gehoorsaam selfs tot die dood (Filippense 2:8), en sy gehoorsaamheid, saam met sy opstanding en God se genade (Handelinge 1:22; Romeine 3:24-25; 6:5-11; Efesiërs 2:5-8; 1 Petrus 1:3-4), het verlossing moontlik gemaak vir alle mans en vroue (Romeine 5:19-21; 2 Korintiërs 5:15; Galasiërs 3:7-8; Hebreërs 5: 8-9; Titus 2:11).

Jesus was, en is, getrou en sonder sonde (Hebreërs 2:17; 3:2; 4:15; 1 Petrus 2:22). Aangesien Hy sonder sonde was, was dit nie vir Hom nodig om berou te hê of sondes te bely voor sy doop nie.

Maar sy doop was noodsaaklik. Ons sien die belang daarvan uit verskeie dinge. Hy het daarop aangedring om alle geregtigheid te vervul. Verder, na Jesus se doop kon Johannes die Doper getuienis gee dat Jesus die Seun van God was: Die volgende dag sien Johannes vir Jesus na hom toe kom. Hy sê toe: "Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem! Dit is Hy wat ek bedoel het toe ek gesê het: 'Ná my kom daar 'n Man wat my vóór is, want Hy was voor my reeds daar. Ek het self ook nie geweet wie Hy is nie, maar ek het gekom en ek doop met water. Verder het Johannes getuig: "Ek het duidelik die Gees soos 'n duif uit die hemel sien kom, en Hy het op Hom gebly. Ek het self ook nie geweet wie Hy is nie, maar God wat my gestuur het om met water te doop, het vir my gesê: 'Die Een op wie jy die Gees sien kom en bly, dit is Hy wat met die Heilige Gees doop. Ek het dit self gesien en daarom getuig ek: Hy is die Seun van God" (Johannes 1:29-34).

Maar die vernaamste is dat ons die belangrikheid van sy doop daarin sien dat die Heilige Gees op Hom neergedaal het en God die Vader bevestig het dat Hy Hom oor Jesus verheug: Jesus is toe gedoop en het dadelik daarna uit die water gekom. Meteens het die hemel bokant Hom oopgegaan, en Hy het die Gees van God soos 'n duif sien neerdaal en op Hom kom Daar was ook 'n stem uit die hemel wat gesê het: "Dit is my geliefde Seun. Oor Hom verheug Ek My." (Matteus 3:16-17; sien ook Markus 1:10-11; Lukas 3:21-22). Jesus Christus het alle geregtigheid vervul deur sy gehoorsaamheid. Maar daar was nog 'n opsig waarin sy doop alle geregtigheid vervul het.

JESUS CHRISTUS HET ONS DIE VOORBEELD GEGEE

Deur sy doop (onderdompeling) het Jesus vir ons die voorbeeld gegee wat ons moet volg. Eerstens moet ons verstaan dat Christus nie alleen gesterf het vir die mensdom nie, maar dat Hy ook opgewek is uit die dood (Matteus 16:21; 28:5-7; Handelinge 1:3; 2:23-24, 31-32). Na sy opstanding het Jesus opgevaar na die hemel om sy plek in te neem aan die regterhand van God (Markus 16:9; Johannes 20:17; Handelinge 2:32-36; 7:55; Romeine8:34; Efesiërs 1:20; Hebreërs8:1; 12:2; 1 Petrus 3:22). Jesus het dus gesterf, is opgewek, en het na die regterhand van God gegaan.

Dit was 'n begin van 'n geestelike opstanding tot die ewige lewe. Jesus Christus is die Eersgeborene uit die dood (Kolossense 1:18; Openbaring 1:5). Hy is die eerste vrug van die opstanding (1 Korintiërs 15:19-23), en Hy bied ewige lewe aan almal van ons (Handelinge 26:23). In Romeine 6:3-14 en 1 Petrus 3:18-21 vind ons die verhouding tussen sy dood en opstanding en die geestelike dood van ons sondige lewe en ons geestelike opstanding. Ons ou mens vol sonde word begrawe (ondergedompel) in water en wanneer dit opkom uit die water is dit ons opstanding tot 'n nuwe lewe van godvresendhheid: "Dit het by die doop gebeur deurdat julle toe saam met Hom begrawe is. Deur julle verbondenheid met Hom is julle ook saam met Hom opgewek, omdat julle geglo het in die krag van God wat Hom uit die dood opgewek het. Julle was dood deurdat julle gesondig het en deurdat julle sondige natuur nog nie weggeneem was nie. God het julle egter saam met Christus lewend gemaak deurdat Hy ons al ons sondes vergewe het" (Kolossense 2:12-13; kyk ook 3:1-4; Hebreërs 9:14-15; 10:19-25; Titus 2:11-14).

Christus het na die doop verwys toe Hy gesê het dat iemand weer moet gebore word uit water en die Gees (Johannes 3:3-5). Om gered te word, moet ons weergebore word tot 'n nuwe geestelike lewe deur die water in die doop, en dan ontvang ons die Heilige Gees om in ons te woon (Handelinge 2:38; 1 Korintiërs 6:19). Die doop is 'n simbool van sy dood, begrafnis en opstanding.

Een manier om sy fisiese, openbare bediening te beskou, is die volgende: dit het begin met 'n beeld van dood, begrafnis, en opstanding deur die doop, en dit het geëindig met sy werklike dood, begrafnis en opstanding. Daarna het Hy na die hemel opgevaar. Hy is die Voorloper wat ons die weg na die hemel wys (Hebreërs 6:20) en Hy het die weg vir ons geopen

... verv. op bls. 10

'n Vriendelike Versoek

Soos julle almal weet, sukkel ons om te voorsien in verskeie behoeftes, soos die personeel se salarisse, uitgawes vir die aankoop van papier en ook reisuitgawes. Gewoonlik vra ons nie mense om ons te help met ons finansiële behoeftes nie. Maar ons versoek diegene wat waarlik lief is vir hierdie bediening om julle offergawes te stuur deur Phone Pay, NEFT of enige ander manier en ons bediening te ondersteun. Die Here sal julle sekerlik seën. Vir besonderhede, bel +91

Redakteur, Echo of His Call.

PUT TOT PALEIS

(Lewenservaringe van Pastoor S. SAM SELVA RAJ.)

“ -wie dit lees, moet dit goed begryp- ” Matteus 24:15.

DIE HERE JESUS CHRISTUS PRAAT!

Dit was in die jaar 1982! Die genade van God verander nooit nie!! Sy roepstem verander ook nooit nie!!! “As God eenmaal aan mense sy genadegawes geskenk en hulle geroep het, trek Hy dit nooit weer terug nie”(Romeine 11:29). Maar die toestande was baie deurmekaar. Daar was geen geskikte plek om te woon nie. Niemand om ondersteuning te bied nie. Daar was teenstand teen die bediening. Daar was veragting en druk. Die finansiële situasie was moeilik. Daar was ’n gebrek aan ondersteunende mense en niemand om te hoor wat ek sê nie. Op mure in die omtrek het gestaan: “Godsdiens verander ’n tentman! Mense pasop!!”

Ek was radeloos, sonder rigting en het nie geweet wat om te doen nie. Woorde van ontmoediging het tot my gekom: “Gee pad van hierdie plek waar die mense teen jou is en gaan na ’n plek 25 kilometer van die stad af. Moenie tyd mors nie”. Soortgelyke teenstand en raad het tot my gekom Ek was dus genoodsaak om ’n besluit te neem.

Een nag was ek ontsteld en slapeloos. En daar was n iemand om my raad te gee nie. Die mense rondom my het presies die teenoorgestelde as ek gedink. Ek was omring deur mense wat nie in ’n posisie was om te hoor wat ek sê nie en hulle ingesteldheid was nie om ’n sinvolle antwoord te gee nie. Dus het ek myself daaraan gewy om op my knieë te wees vanaf vieruur in die môre.

Hoewel ek van die vroeë oggend af op my knieë was, het daar gee woord uit my mond gekom nie vanweë die probleme wat so swaar op my gedruk het. Nogtans was my hart by ons lewende Here, Jesus Christus. Ek kon visualiseer hoe my stem die hemel bereik en die Here my versoek glimlaggend ontvang het, en begin werk het.

Ek kon nie verstaan hoe die tyd verbygegaan het nie. Ek het geen behoefte gehad aan kos of water nie! Maar teen 5.30 namiddag daardie dag het my vriend en Mederedakteur (Engels) van die **Echo of his Call-**tydskrif, Broer M. Paulraj na my toe gekom. Toe ek hom hoor kom, het ek van my knieë af opgestaan en uitgegaan om hom te ontmoet.

Hoewel ek swak was in liggaam en gees, het my gesig geblink. Toe hy sien dat my gesig opgeruimd en blinkend was, sê hy, “ Ag, Broer, hoe lewenslustig lyk jy! Is daar enige goeie nuus?” Ek het hom vertel dat ek van vieruur af op my knieë gestaan het oor ’n belangrike saak wat vir my baie spanning versoorsaak het al vir geruime tyd. As gevolg van die probleme wat spanning veroorsaak het, kon ek nie woorde uitkry nie, maar was in my gemoed besig om tot God te bid.

Gedurende ons geselskap het hy skielik vir my gesê, “Broer, hoe goed is die Here vir jou! Ons het albei studeer aan ’n dorpskool maar God het jou na Chepauk gebring, ’n plek wat naby die staat se hoofkwartier is. Hy het jou in hierdie plek geplaas om die evangelie te versprei in ’n onbereikte en moeilike deel. Wat ’n wonderwerk is dit nie!” Jesaja 2:3 en Miga 4:2 sê, “uit Sion kom die openbaring, uit Jerusalem die woord van die Here”. God gaan dus deur jou die lewende lig gee aan hierdie gebied en alle dele van die land. Wat ’n wonderwerk is dit nie!” God het sy kind op die regte tyd na my gebring om om my ’n oplossing te gee vir my probleem en God het my gebed beantwoord.

Liewe kinders van God, gaan julle deur ’n moeilike tyd? Moenie mismoedig word nie. Selfs in die woestyn het God Hagar se slegte situasie gesien. “God het die kind hoor huil, en die Engel van God het uit die hemel na Hagar geroep en vir haar gesê: “Wat is dit, Hagar? Moenie bang wees nie. God het die stem van die seun gehoor waar hy lê” (Genesis 21:17). Volhard in die gebed, God sal goed doen in jou lewe! **“dan sal jy 'n toekoms hê en jou hoop sal jou nie ontneem word nie”** (Spreuke 23:18)**.**

RNI TC NO. TNAFR/2007/21215, Postal Regn. No. TN/CH/(C)/127/19-21

ECHO OF HIS CALL

Maandelikse tydskrif in 16 tale, Bybelkolleges, Korrespondensiekursusse, Kerkplanting, Village English High School, Evangeliese Drukpers, Veldtogte, Seminare, Sosiale dienste, ens.

Jaarlikse intekengeld: Rs. 100/-

Lewenslange intekengeld: Rs. 2000/-

Die uiteenlopende aktiwiteite van **Echo of His Call Bediening** word ondersteun deur vrywillige offergawes en donasies van kinders van God soos jy. Jy kan **Echo of His Call** en sy aktiwiteite ondersteun soos die Here jou lei. Ons het jou hulp nodig om die Evangelie uit te stuur na die onbereikte mense en kerke te plant.

As jy graag die **ECHO OF HIS CALL** tydskrif gereeld wil ontvang, skryf asseblief aan ons. As jou pos- of e-pos-adres verander, stel ons asseblief in kennis van jou ou en nuwe adres.

Echo of His Call is ook in 16 tale beskikbaar op ons webblaaie. Jy kan dit lees deur op die blad in te gaan sowel as deur dit af te laai, en so geseën word.

Jou briewe, gebedsversoeke en jou finansiële steun (deur debietorders, tjeks, ens.) kan gestuur word na **ECHO OF HIS CALL** by die adres hieronder.

Stuur asseblief jou landlynnommer / selfoonnommer en e-posadres vir opdatering.

ECHO OF HIS CALL

10, MOHAMMED ABDULLAH 2nd STREET,
CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.
PH: (+91-44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766,
Cell: (+91) 98410 71852, 95661 31858
E-pos: sam@echoofhiscall.org / biblecor@yahoo.co.in
Webblaaie: www.echoofhiscall.org /
www.echoofhiscall.com
JY KAN OOK JOU DONASIES AANLYN STUUR

verv. van bls.8

(Hebreërs 10:19-20). Hy is die Oorsprong van ons geloof en ewige saligheid (Hebreërs 5:9; 12:2).

As ons saligheid soek, moet ons daardie weg volg. Ons moet sy voorgbeeld volg. Jesus Christus was sondeloos, dus het Hy nie nodig gehad om berou te toon of sondes te bely nie. Hy het slegs nodig gehad om gedoop te word om alle geregtigheid te vervul. Nogtans moet ons glo (1:12; 8:24; 16:31; 1 Korintiërs 1:21; Galasiërs 3:22; Hebreërs 10:39; 10:39;11:6). Ons moet berou hê oor ons sondes (Lukas 13:5; 2 Korintiërs 7:10; 2 Petrus 3:9).Ons moet ons geloof in Jesus Christus bely (Matteus 10:32; Romeine 10:9-10). En ons moet gedoop (ondergedompel) word op die manier wat Jesus Christus beveel (Matteus 28:18-20; Markus 16:16; Handelinge 2:38-42; 8:12; 10:48; 16:33; 22:16; Romeine 6:33; 1 12:13; Galasiërs 3:26-29). Na die doop moet ons daarna strewe om 'n heilige lewe te lei in afwagting op die finale Opstanding, wanneeer ons saam met Christus na die hemel sal gaan (Johannes 5:28-19; 1 Korintiërs 15:42-58; Galasiërs 5:5; Hebreërs 3: 6).

Aan die beginvan sy openbare optrede is Jesus Christus gedoop om alle geregtigheid te vervul. Deur dit te doen, het Hy God, sy Vader, gehoorsaam en ons 'n voorbeeeld gestel om na te volg. Teen die dinde van sy bediening op aarde het Hy alle geregtigheid te vervul. As ons begeer om die voordeel te kry van sy offer vir ons, moet ons sy voorbeeld volg en gehoorsaam wees (1 Petrus 1:14).

"Nie elkeen wat vir My sê: 'Here, Here,' sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie, maar net hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is" (Matteus 7:21).

"Aangesien julle saam met Christus uit die dood opgewek is, moet julle strewe na die dinge daarbo waar Christus is, waar Hy aan die regterhand van God sit" (Kolossense 3:1).

****

Regd. With the Registrar of Newspapers for India under No. TNAFR/2007/21215
Postal Regn.No. TN/CH/(C)/127/19-21
Date of Publication: First week of every month
Date of Posting : 3rd & 4th of every month
Posted at "Egmore RMS / 1 Patrika Channel"
on 4th FEBRUARY 2021
If un-delivered please return to:
ECHO OF HIS CALL (AFRIKAANS)
P.O. Box No. 2957,
Chepauk, Chennai - 600 005, INDIA.
Phone: (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766

JESUS HET JOU LIEF!

Aan

GOD SEËN JOU!

Owned and published by **S. Sam Selva Raj** from Old No.18, New No. 10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005 and printed by him at **Echo of His Call Printers** Old No. 18, New No.10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005. Editor: **S. Sam Selva Raj.**